Sing vooraf staande: Skrifberyming 18-6:5 (nuut)

5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein
van lewenswater, heerlik rein. / En God sal oor ons skyn.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bid om vergewing van ons sondes met Psalm 25:9 (p. 117):

Wet

Psalm 25:9 (p. 117)

9 Slaan op my ellende͡u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

- ***Doksologie***
- ***Aanbidding***
- ***Skuldbelydenis***
- ***Vergifnis***
- ***Dank***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens***

Amen.

Psalm 84:1 (p. 424)

1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Skriflesing: Josua 10

Teks: Josua 10:14b

En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en ná hom, dat die HERE na die stem van 'n man geluister het nie; want die HERE het vir Israel gestry. (Josua 10:14 AFR1953)

Want die Here het vir Israel gestry.

- As die Here vir jou stry, is daar geen saak wat vir jou te swaar kan wees nie.
- Dan is daar letterlik niks wat jou kan bedreig nie, want God se krag is baie groter as selfs die grootste krag waaraan jy met jou menslike verstand kan dink.

Maar, dan moet jou saak reg wees, anders kry jy met die ander kant van hierdie teks te doen:

- Dis naamlik dat jy dan met God self teëspoed kry omdat jy optree teen sy wil.
- Daar is net niks en niemand wat hom teen die Here kan verset nie.

In hierdie gedeelte van die geskiedenis gaan dit oor die onderwerping van die suidelike gedeelte van Kanaän.

- Toe die Gibeoniete met hulle lis die verdrag met Josua kom sluit het, was die posisie van die ander stede in Suid-Kanaän aansienlik verswak.

Die teen hierdie agtergrond dat daar ’n oproep uitgaan van Adoni-Sedek, die koning van Jerusalem.

- Dis die eerste keer in die geskiedenis wat deur die Bybel beskryf word dat ons die naam van hierdie stad teëkom soos dit hier staan.

Dit beteken nie dat ons nie die stad geken het nie.

- Ons lees wel in Genesis 14 van die stad, maar dan het dit die naam Salem. Dis die stad van Melgisedek.
- Melgisedek het Abraham gesien en erken as kneg en eiendom van die allerhoogste God.
- Melgisedek self was priester en koning van die allerhoogste God.

Intussen het die geestelike toestand van die Amoriete baie agteruitgegaan.

- In hierdie tyd waarvan ons nou gelees het, was hulle volslae heidene en is daar geen spoor meer dat hulle die Here aanbid het nie.
- Uit dieselfde stad waar Abraham eenkeer sy tiendes aan God afgestaan het, gaan daar nou ’n oproep uit om die volk van Abraham uit te roei.

Dis dalk baie belangrik om te kyk wat hier gebeur het.

- ’n Stad waar die Here geloof en geprys is, het oor die jare teen die Here gedraai.
- In Josua se tyd was dit ’n suiwer heidense stad.
- Dis waarom die Here saam met Israel teen hulle geveg het.
- In ’n sekere sin kan ons hier die straf van God oor die sondes van mense sien.

Josua weet van die sameswering van die vyf Amoritiese konings. Dit kom by sy ore uit.

- Die Heilige Gees lei hom so dat hy dadelik optree met die verstand en middele wat die Here hom gegee het om hom en die volk mee te verdedig.
- Hy en die hele leër trek op.
- Hulle lê daardie nag 20 kilometer af na die vyand toe.

Die anderdagmôre is daar groot verwarring.

- Die vyf konings het die Israeliete nie daar verwag nie.
- Hulle was in daardie stadium besig om Gibeon te beleër.
- Die rede daarvoor was dat hulle die Gibeoniete se verdrag met Josua as verraad beskou het, en hulle wou wraak neem op die Gibeoniete.

Die anderdagmore gaan hulle rustig met die beleëring voort toe hulle meteens van agter af aangeval word – die kant waar hulle geen verdediging gehad het nie.

Ons kom uit hierdie gedeelte agter hoe die Here die mens wat vir hom stry, se liggaamlike krag ook vergroot.

- Mens kry die indruk dat Josua en sy manne soos masjiene aangegaan het.
- Hulle het daardie nag met hulle oorlogstoerusting 20 km afgelê.

Hulle moes doodmoeg gewees het.

- Maar hulle rus nie.
- Hulle val dadelik aan!
- Vir die saak van die Here word mens nie moeg nie – hulle gee alles.

Is dit nie dalk hoe ons ook moet wees nie?

- Dikwels laat ons die indruk dat die moeite te groot is om onder alle omstandighede ons Christelike beginsels uit te leef.
- Die feit is net dat die Here se saak deur Hom gedryf word – Hy gee dus ook aan die mense wat in sodanige stryd beland die krag om voort te gaan.

Die ywer van die Here dryf die manne van Josua.

- Maar teen die middag begin hulle besef dat hulle kragte tekort skiet.
- Hulle sal nooit al hierdie vyande kan doodmaak voordat die donker kom nie.
- Daar sal ’n wonder moet gebeur.

Hoe baie keer het ons nie al gewens dat die dag moet verbygaan sodat ons kan gaan rus nie.

- Maar hier het ons die teenoorgestelde: die leër van die Here wil meer tyd hê.
- Hulle wil nie ophou voordat hulle taak nie afgehandel is nie.
- God se krag sal moet help om die taak te volvoer, want die leër se onvermoë haal hulle in.

Dan gebeur daar iets wat baie ongewoon is. Kyk wat doen Josua.

- Hy vra nie dat die son moet stilstaan nie.
- Hy gee ’n soort bevel.
- Nie omdat Josua te groot is vir sy skoene nie.
- Hy word so gedryf deur die saak van die Here dat hy die skepping in die Naam van die Here beveel om tyd in te ruim vir die saak van God.

  Toe het Josua met die HERE gespreek, op die dag dat die HERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gíbeon, en maan, in die dal van Ajalon! (Josua 10:12 AFR1953)

Die tyd het vir ’n dag lank stilgestaan omdat God vir Israel gestry het. Dit was ook die enigste dag wat die Here in hierdie opsig na die stem van ’n man geluister het (v. 14).

’n Mens moet hierdie vers in sy verband lees, anders kan jy hierdie teks gebruik om lelik te ketter.

- Hierdie woorde dat die son stilgestaan het, het nie wetenskaplike betekenis nie.
- Die Roomse Kerk het hulle in 1613 op hierdie teks beroep in hulle stryd teen Copernicus en Galileo Galilei.
- Die twee manne het bewys dat die son stilstaan en dat die aarde draai – waarop die Roomse kerk dit as ’n dwaling probeer bewys het met hierdie teks.

Josua volg hier maar net die gewone spraakgebruik.

- Ons sê ook die son gaan onder en die son kom op.
- Die bedoeling van die Bybel hier is om die almag van God te bewys: Die Here het die natuur – op watter manier ook al – gebruik om tyd te verleng sodat die gelowiges hulle stryd kon afhandel.

Die Bybel sê met hierdie woorde dat dit só lyk as die Here vir mense stry.

- Alles gehoorsaam Hom.
- Alles buig in gehoorsaamheid voor die Here sodat Hy sy wraak kan uitvoer oor die wat nie wil hoor nie.
- Geweldige haelstene val uit die hemel.
- Maar nie een enkele Israeliet word daardeur raakgeslaan nie. Slegs die vyand van die Here word doodgeslaan.

Die dag was dubbeld tot eer van die Here.
- Eerste omdat Hy daardie dag sy genade aan sy kinders geopenbaar het.
- Verder het dit aangetoon hoe die Here die wat Hom verwerp, straf en op hulle wraak neem.

Daar is nogal parallelle tussen hierdie dag en die dag van die kruisiging.
- Toe het die natuur ook buite sy reël opgetree, maar omgekeerd aan die dag van Josua.
    - By die kruis het die duisternis toegeslaan.
    - By Josua is die dag verleng.
- By Jesus kon die son helder oordag nie sy lig gee nie. Die natuur verstom.
    - Dit lyk asof die natuur daarmee wou sê dat die ewige duisternis nou oor die vyande van die Here aangebreek het.

Die werklike ooreenkoms tussen die kruisigingsdag en Josua se dag is dat albei die stryd vir die Here stry en oorwin.

Dan volbring Jesus die verlossing wat die Here vir ons beplan het. Die oomblik toe die Here Jesus sterf, roep Hy met ’n groot stem uit: *Vader, in u hande gee Ek my gees oor*.
- Hy sterf vir ons almal wat in Hom glo.
- En Hy staan op vir ons almal wat Hom aanneem.
- Hy stuur daarna aan ons die Heilge Gees om ons te verseker van die oorwinning.

Verder stry die Here nou saam met elke gelowige soos met Josua, maar op ’n ander vlak.
- By Josua het die natuur gehelp.
- By ons help God self.
    - Hy stry saam met ons deurdat die Heilige Gees ons voorsê van die oorwinning.
    - Hy waarsku ons teen sonde, en bemoedig ons voortdurend, sodat ons kan voortveg tot in die ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 105:3 (p. 514)

3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.